THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

VOL. CII.] PRICE 6d. PRETORIA, 22 NOVEMBER 22 NOVEMBER 1935 PRYS 6d. [No. 2311.

All Proclamations, Government and General Notices, published for the first time, are indicated by a ✱ in the left hand upper corner.

PROCLAMATIONS.

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE SIR JOHANNES WILHELMUS WESSELS, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 245, 1935.]

ESTABLISHMENT OF NATIVE COMMISSIONER'S COURT, FOURIESBURG.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsections (1) and (3) of section *ten* of the Native Administration Act, 1927 (No. 38 of 1927), I proclaim, declare and make known that I do hereby constitute as from the 1st December, 1935, a Court of Native Commissioner for the District of Fouriesburg, and I do further prescribe that the local limits within which such Court shall have jurisdiction shall be the Magisterial District of Fouriesburg.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twelfth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-five.

J. W. WESSELS,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

P. GROBLER.

✱ No. 246, 1935.]

LEVY OF SPECIAL RATE ON COMMUNITY OF NATIVES RESIDENT IN THE LOCATION CALLED MKAPUSI, IN THE DISTRICT OF GLEN GREY.

Where it is expedient to repeal Proclamation No. 393 of 1931 providing for the levy of a special rate on the community of Natives resident in the Location called Mkapusi in the District of Glen Grey and to re-enact its provisions subject to the amendments hereinafter provided:

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, No. 41 of 1925, as amended

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIES.

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE SIR JOHANNES WILHELMUS WESSELS, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 245, 1935.]

INSTELLING VAN NATURELLEKOMMISSARISHOF, FOURIESBURG.

Ingevolge die bevoegdheid my verleen by subartikels (1) en (3) van artikel *tien* van die Naturelle-administrasiewet, 1927 (No. 38 van 1927), proklameer, verklaar en maak ek bekend dat ek hierby vanaf 1 Desember 1935 'n Naturellekommissarishof instel vir die distrik Fouriesburg, en verder stel ek vas dat die gebied waarin daardie hof regsmag het, die magistraatsdistrik Fouriesburg is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van November Eenduisend Negehonderd Vyf-en-dertig.

J. W. WESSELS,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

P. GROBLER.

✱ No. 246, 1935.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE GEMEENSKAP VAN NATURELLE WOONAGTIG IN DIE LOKASIE GENOEM MKAPUSI, IN DIE DISTRIK GLEN GREY.

Nademaal dit dienstig is om Proklamasie No. 393 van 1931 waarby voorsiening gemaak word vir die heffing van 'n spesiale belasting van die gemeenskap van Naturelle woonagtig in die lokasie genoem Mkapusi in die distrik Glen Grey te herroep, en die bepalings daarvan weer vas te stel, onderworpe aan die wysigings soos hieronder uiteengesit:

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die „ Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, No. 41 van 1925, soos gewysig

by section *nine* of Act No. 37 of 1931, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

(i) Proclamation No. 393 of 1931 is hereby repealed with effect from the date of promulgation thereof.

(ii) A special rate of £2. 5s. is hereby levied on every general taxpayer in the location called Mkapusi in the District of Glen Grey, for the purpose of providing funds for the fencing of arable allotments in that location.

(iii) The special rate hereby levied shall be payable in three annual instalments of 15s., the first of which shall be due and payable on the 1st January, 1936, the second on the 1st January, 1937, and the third on the 1st January, 1938.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Eighth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-five.

J. W. WESSELS,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

JAN H. HOFMEYR.

✱ No. 247, 1935.]

PROCLAMATION OF A CERTAIN INDUSTRIAL AREA IN THE DISTRICT OF LICHTENBURG, TRANSVAAL, UNDER SECTION *TWELVE* OF ACT No. 21 OF 1923, AS AMENDED BY ACT No. 25 OF 1930.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *twelve* of the Natives (Urban Areas) Act, 1923 (No. 21 of 1923), as amended by section *seven* of Act No. 25 of 1930, I do hereby proclaim, declare and make known that the area defined in the subjoined schedule, being an area in which Natives are congregated in large numbers for mining or industrial purposes, shall be from and after the 1st day of January, 1936, an area subject to the provisions of the said section *twelve*, as amended.

And I do further proclaim, declare and make known that I shall exercise from the 1st day of January, 1936, in respect of the said area all the powers specified in paragraphs (*a*) to (*c*) and (*e*) to (*j*) of sub-section (1) of the said section *twelve* as amended.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Eighth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-five.

J. W. WESSELS,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

JAN H. HOFMEYR.

SCHEDULE.

Portion No. 10 of Lichtenburg Town and Townlands No. 313 situate on the farm Middelbosch No. 313, in the District of Lichtenburg, Transvaal, and the following farms in the said district:—

Putfontein No. 70.
Sterkfontein No. 117.
Wildfontein No. 123.
Holgat No. 104.
Omega No. 227.
Uitgevonden No. 99.
Ruigtelaagte No. 205.
Witklip No. 149.
Manana or Klipbakfontein No. 82.
Klipkuil No. 210.
Wonderfontein No. 78.
Grasfontein No. 240.
Vlakplaats No. 100.
Trekdrift No. 118.
Elizabeth No. 215.
Verlies No. 221.
Grootfontein No. 81.
Mooimeisjesfontein No. 22.
Blaauwbank No. 222.
Kliplaagte No. 223.
La Rey Stryd No. 220.
De Paarl No. 62.
Hendriksdaal No. 219.
Houthaalbomen No. 203.
Houthaaldoorns No. 236.
Zamenkomst No. 250.
Welverdient No. 249.
Pypklip No. 392.
Witstinkhoutboom No. 74.
Roodepan No. 76.
Vlakpan No. 152.
Roodepoortje No. 265
Tweebuffelsgeschiet No. 34.
Vasgeknyp No. 328.
Vlakvly No. 151.
Schildpad-Verdriet No. 41.
Reybult No. 158.
Hollaagte No. 255.
Unie No. 385.

✱ No. 248, 1935.]

AREA OF JURISDICTION OF THE CAPE PROVINCIAL AND EASTERN DISTRICTS LOCAL DIVISIONS.

Under and by virtue of the powers in me vested by section *seven* (3) of the Criminal Procedure and Evidence Act, 1917 (Act No. 31 of 1917) as substituted by section *one* of Act No. 46 of 1935, I do hereby declare, proclaim and make known that, as from the date of publication hereof, that portion of the area within the Province of the Cape of Good Hope for which the Solicitor-General has been appointed,

by artikel *nege* van Wet No. 37 van 1931, hierby proklameer, verklaar en bekendmaak as volg:—

(i) Proklamasie No. 393 van 1931 word hierby, met ingang van die datum van afkondiging daarvan, herroep.

(ii) 'n Spesiale belasting van £2. 5s. word hierby gehef van elke algemene belastingbetaler in die lokasie, genoem Mkapusi, in die distrik Glen Grey, met die doel om fondse te verkry vir die omheining van beboubare toekennings in daardie lokasie.

(iii) Die spesiale belasting hierby gehef, is betaalbaar in drie jaarlikse paaiemente van 15s., die eerste waarvan op 1 Januarie 1936, die tweede op 1 Januarie 1937 en die derde op 1 Januarie 1938 verskuldig en betaalbaar is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika in Pretoria, op hede die Agste dag van November Eenduisend Negehonderd Vyf-en-dertig.

J. W. WESSELS,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

JAN H. HOFMEYR.

✱ No. 247, 1935.]

PROKLAMASIE VAN 'N SEKERE INDUSTRIËLE GEBIED IN DIE DISTRIK LICHTENBURG, TRANSVAAL, INGEVOLGE ARTIKEL *TWAALF* VAN WET No. 21 VAN 1923, SOOS GEWYSIG BY WET No. 25 VAN 1930.

Ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel *twaalf* van die „ Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923 " (No. 21 van 1923), soos gewysig by artikel *sewe* van Wet No. 25 van 1930, proklameer, verklaar en maak ek hierby bekend dat die gebied in die toegevoegde bylae omskryf, synde 'n gebied waarin Naturelle in groot getalle vir mynbedryf of industriële doeleindes vergader, vanaf 1 Januarie 1936 'n gebied sal wees wat onderworpe is aan die bepalings van genoemde artikel *twaalf*, soos gewysig.

En verder proklameer, verklaar en maak ek bekend dat ek vanaf 1 Januarie 1936 ten aansien van genoemde gebied al die bevoegdhede, vermeld in paragrawe (*a*) tot (*c*) en (*e*) tot (*j*) van subartikel (1) van genoemde artikel *twaalf*, soos gewysig, sal uitoefen.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agste dag van November Eenduisend Negehonderd Vyf-en-dertig.

J. W. WESSELS,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

JAN H. HOFMEYR.

BYLAE.

Gedeelte No. 10 van die dorp Lichtenburg en dorpsgronde No. 313 geleë op die plaas Middelbosch No. 313 in distrik Lichtenburg, Transvaal, en die volgende plase in genoemde distrik:—

Putfontein No. 70.
Sterkfontein No. 117.
Wildfontein No. 123.
Holgat No. 104.
Omega No. 227.
Uitgevonden No. 99.
Ruigtelaagte No. 205.
Witklip No. 149.
Manana of Klipbankfontein No. 82.
Klipkuil No. 210.
Wonderfontein No. 78.
Grasfontein No. 240.
Vlakplaats No. 100.
Trekdrift No. 118.
Elizabeth No. 215.
Verlies No. 221.
Grootfontein No. 81.
Mooimeisjesfontein No. 22.
Blaauwbank No. 222.
Kliplaagte No. 223.
La Rey Stryd No. 220.
De Paarl No. 62.
Hendriksdaal No. 219.
Houthaalbomen No. 203.
Houthaaldoorns No. 236.
Zamenkomst No. 250.
Welverdient No. 249.
Pypklip No. 392.
Witstinkhoutboom No. 74.
Roodepan No. 76.
Vlakpan No. 152.
Roodepoortje No. 265.
Tweebuffelsgeschiet No. 34.
Vasgeknyp No. 328.
Vlakvly No. 151.
Schildpad-Verdriet No. 41.
Reybult No. 158.
Hollaagte No. 255.
Unie No. 385.

✱ No. 248, 1935.]

REGSGEBIED VAN DIE KAAPSE PROVINSIALE EN DIE OOSTELIKE DISTRIKTE SE PLAASLIKE AFDELINGS.

Ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel *sewe* (3) van die „ Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering 1917 " (Wet No. 31 van 1917), soos vervang deur artikel *een* van Wet No. 46 van 1935, proklameer, verklaar en maak ek hiermee bekend dat, vanaf die datum van publikasie hiervan, daardie gedeelte van die gebied binne die Provinsie Kaap de Goede Hoop, waarvoor die Solisiteur-generaal aangestel is,

comprising the Districts of Richmond, Hopetown, Philipstown and De Aar, is withdrawn from the authority of the Solicitor-General, and is placed under the authority of the Attorney-General for the Province of the Cape of Good Hope.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twelfth day of November One thousand Nine hundred and Thirty-five.

J. W. WESSELS,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

J. C. SMUTS.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1679.] [22 November 1935.

With reference to Government Notice No. 50 of the 11th January, 1935, it is hereby notified that the registration, in terms of section *four* of the Diplomatic Immunities Act, No. 9 of 1932, of the following persons, as being entitled to diplomatic immunity under the said Act, has been cancelled:—

Diplomatic Mission of the French Republic—
Mr. A. Pettit.
Mrs. Pettit.

✱ No. 1712.] [22 November 1935.

His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to approve of the grant of recognition to Mr. Alexander John Rennie as Acting Consular Agent of Italy at Durban, during the absence on leave of Chevalier Alexander Harvey Rennie.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1701.] [22 November 1935.

BREWING OF KAFFIR BEER.

It is hereby notified that the Minister has, in terms of section *one hundred and twenty-seven* (1) of the Liquor Act (No. 30 of 1928), authorized the brewing and consumption on the premises of the " New Machavie Golding Mining Company, Limited ", situate on the farm Eliazar No. 18, in the District of Klerksdorp, Province of the Transvaal, of reasonable quantities of kaffir beer to be supplied gratis by the said Company to its native or coloured employees.

✱ No. 1702.] [22 November 1935.

BREWING OF KAFFIR BEER.

It is hereby notified that the Minister has, in terms of section *one hundred and twenty-seven* (1) of the Liquor Act (No. 30 of 1928), authorized the brewing and consumption on the premises of the " East Champ D'or Gold Mining Company, Limited ", situate on the farm Witpoortje No. 44, in the District of Krugersdorp, Province of the Transvaal, of reasonable quantities of kaffir beer to be supplied gratis by the said Company to its native or coloured employees.

DEPARTMENT OF FINANCE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1665.] [22 November 1935.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the 4 per cent. Local Registered Stock, 1951, will be closed from the 1st December, 1935, to the 1st January, 1936, both days inclusive, and that half-yearly dividend due on the 1st January next will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books.

bestaande uit die distrikte Richmond, Hopetown, Philipstown en De Aar, van die bevoegdheid van die Solisiteur-generaal teruggetrek word en onder die bevoegdheid van die Prokureur-generaal van die Provinsie Kaap de Goede Hoop gestel word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van November Eenduisend Negehonderd Vyf-en-dertig.

J. W. WESSELS,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

J. C. SMUTS.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1679.] [22 November 1935.

Met betrekking tot Goewermentskennisgewing No. 50 van 11 Januarie 1935, word hierby bekendgemaak dat die registrasie, ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Immuniteit, No. 9 van 1932, van die volgende persone, as geregtig tot diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet, gekanselleer is:—

Diplomatieke Verteenwoordiging van die Franse Republiek—
Die Heer A. Pettit.
Mevr. Pettit.

✱ No. 1712.] [22 November 1935.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag om sy goedkeuring te heg aan die erkenning van mnr. Alexander John Rennie as waarnemende Konsulêre Agent van Italië in Durban gedurende die afwesigheid op verlof van Chevalier Alexander Harvey Rennie.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemen informasie gepubliseer:—

✱ No. 1701.] [22 November 1935.

BROU VAN KAFFERBIER.

Hierby word bekendgemaak dat die Minister, kragtens artikel *honderd sewe-en-twintig* (1) van die Drankwet (No. 30 van 1928), magtiging verleen het vir die brou en verbruik op die perseel van die „ New Machavie Gold Mining Company, Limited ", geleë op die plaas Eliazar No. 18, in die distrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, van redelike hoeveelhede kafferbier wat deur gemelde maatskappy gratis aan sy naturelle- of kleurlingwerkvolk verskaf sal word.

✱ No. 1702.] [22 November 1935.

BROU VAN KAFFERBIER.

Hierby word bekendgemaak dat die Minister, kragtens artikel *honderd sewe-en-twintig* (1) van die Drankwet (No. 30 van 1928), magtiging verleen het vir die brou en verbruik op die perseel van die „ East Champ D'or Gold Mining Company, Limited ", geleë op die plaas Witpoortje No. 44 in die distrik Krugersdorp, Provinsie Transvaal, van redelike hoeveelhede kafferbier wat deur gemelde maatskappy gratis aan sy naturelle- of kleurlingwerkvolk verskaf moet word.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1665.] [22 November 1935.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragsboeke van die 4 persent Plaaslike Geregistreerde Effekte, 1951, gesluit sal wees vanaf 1 Desember 1935 tot en met 1 Januarie 1936 en dat die dividend betaalbaar op 1 Januarie aanstaande aan die effektehouers wat op die datum van sluiting van die Oordragsboeke geregistreer is betaal sal word.

✱ No. 1666.] [22 November 1935.

APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas Messrs. African Russian Oil Products (Pty.), Ltd., and Reduced, Capetown, in the Province of Cape of Good Hope, have made application for the approval of the warehouse herein described, as a bonded warehouse, viz., portion of a brick building under iron roof, comprising one floor measuring 748 square feet, situate at firm's depot, Lower Railway Street, Woodstock, Capetown, the property of the firm, for the deposit of petroleum products under bond.

Notice is hereby given that, under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act (Act No. 9), 1913, the Commissioner of Customs has appointed and licensed the above-mentioned premises, which have been approved by him, to be a bonded warehouse for the free warehousing and securing of petroleum products imported without payment of duty on the first entry thereof.

✱ No. 1684.] [22 November 1935.

APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas Messrs. The South African Stock Buyers & Woollen Merchants, Johannesburg, in the Province of Transvaal, have made application for the approval of the warehouse herein described, as a bonded warehouse, viz., portion of a brick building under iron roof, comprising one floor, measuring 22 feet by 75 feet, situate at 168 Market Street, Johannesburg, the property of the Estate Late Max Lopart, for the deposit of general merchandise under bond;

Notice is hereby given that, under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act (Act No. 9), 1913, the Commissioner of Customs has appointed and licensed the abovementioned premises, which have been approved by him, to be a bonded warehouse for the free-warehousing and securing of general merchandise imported without payment of duty on the first entry thereof.

✱ No. 1685.] [22 November 1935.

REVOCATION OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas application has been made for the revocation of the appointment of the bonded warehouse situate at 168 Market Street, Johannesburg, in the Province Transvaal, appointed by Government Notice No. 1257 of 7th September, 1934, for the free warehousing under bond of general merchandise in the name of Messrs. The South African Stock Buyers & Woollen Merchants;

Notice is hereby given that, under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act (Act No. 9), 1913, the Commissioner of Customs has revoked the appointment of the above-mentioned warehouse.

✱ No. 1686.] [22 November 1935.

CONSCIENCE MONEY.

The receipt is hereby acknowledged of the sum of £1 (One pound), received in an envelope, postmarked Durban.

✱ No. 1666.] [22 November 1935.

AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal die firma „ African Russian Oil Products (Pty.), Ltd., and Reduced ", Kaapstad, in die Provinsie Kaap die Goede Hoop, aansoek gedoen het vir die goedkeuring van die pakhuis hierin omskrywe, as 'n doeanepakhuis, nl. gedeelte van 'n baksteengebou onder 'n ysterdak bevattende een vloer met 'n oppervlakte van 748 vierkante voet geleë aan die firma se depot, Laerspoorwegstraat, Woodstock, Kaapstad, die eiendom van die firma, vir die opberging van petroleum produkte onder waarborg;

So word hierby bekendgemaak dat kragtens die bepalings van artikel *twee-en-vyftig* van die „ Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 " (Wet No. 9 van 1913), die Kommissaris van Doeane bogenoemde gebou, wat deur hom goedgekeur is, aangewys en gelisensieer het, as 'n doeanepakhuis vir die vry opberging en bewaring van petroleum produkte ingevoer sonder betaling van doeaneregte by die eerste inklaring daarvan.

✱ No. 1684.] [22 November 1935.

AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal die firma „ The South African Stock Buyers & Woollen Merchants ", Johannesburg, in die Provinsie Transvaal, aansoek gedoen het vir die goedkeuring van die pakhuis hierin omskrewe, as 'n doeanepakhuis, n.l., gedeelte van 'n baksteengebou onder 'n ysterdak, bevattende een vloer met 'n oppervlakte van 22 voet by 75 voet, geleë aan 168 Markstraat, Johannesburg, die eiendom van die Boedel van wyle Max Lopart, vir die opberging van algemene koopware onder waarborg;

So word hierby bekendgemaak dat kragtens die bepalings van artikel *twee-en-vyftig* van die „ Wet op het beheer van de Doeane, 1913 " (Wet No. 9 van 1913), die Kommissaris van Doeane bogenoemde gebou, wat deur hom goedgekeur is, aangewys en gelisensieer het, as 'n doeanepakhuis vir die vry opberging en bewaring van algemene koopware ingevoer sonder betaling van doeaneregte by die eerste inklaring daarvan.

✱ No. 1685.] [22 November 1935.

HERROEPING VAN DIE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal aansoek gedoen is om die herroeping van die aanwysing van die doeanepakhuis, geleë aan 168 Markstraat, Johannesburg, in die Provinsie Transvaal, aangewys ingevolge Goewermentskennisgewing No. 1257 van 7 September 1934, vir die opberging van algemene koopware onder waarborg op naam van die firma „ The South African Stock Buyers & Woollen Merchants ";

So word hierby bekendgemaak, dat kragtens die bepalings van artikel *twee-en-vyftig* van die „ Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 " (Wet No. 9 van 1913), die Kommissaris van Doeane die aanwysing van bogenoemde pakhuis herroep het.

✱ No. 1686.] [22 November 1935.

GEWETENSGELD.

Hierby word die ontvangs erken van die som van £1 (Een pond), ontvang in 'n koevert met die Durban-posstempel daarop.

✱No. 1697.] [22 November 1935.

PRELIMINARY STATEMENT SHOWING GROSS IMPORT DUTIES, TOTAL VALUE OF THE IMPORTS OF MERCHANDISE, GOVERNMENT STORES AND SPECIE, INTO THE VARIOUS PORTS OF THE UNION AND SOUTH WEST AFRICA AND THE PRINCIPAL AND OTHER EXPORTS THROUGH ALL PORTS, FOR THE MONTH OF OCTOBER, 1935, AND TEN MONTHS ENDED 31ST OCTOBER, 1935, AND THE CORRESPONDING FIGURES FOR THE YEAR 1934.

✱No. 1697.] [22 November 1935.

VOORLOPIGE OPGAWE VAN INVOERREGTE, TOTALE WAARDE VAN KOOPWARE, GOEWERMENTSVOORRADE EN MUNT IN DIE VERSKILLENDE HAWENS VAN DIE UNIE EN VAN SUIDWES-AFRIKA INGEVOER, EN DIE VERNAAMSTE EN ANDER UITVOER DEUR ALLE HAWENS, VIR DIE MAAND OKTOBER 1935, EN TIEN MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 1935, EN DIE OOREENSTEMMENDE SYFERS VIR DIE JAAR 1934.

† GROSS IMPORT DUTIES.—GROS INVOERREGTE.

	Month of October. *Maand Oktober.*		Ten Months ended October. *Tien Maande geëindig Oktober.*	
	1935. £	1934. £	1935. £	1934. £
Capetown—*Kaapstad*	195,789	219,264	1,747,644	1,826,244
Port Elizabeth	159,156	165 823	1,497,777	1,552,323
East London—*Oos-Londen*	80,522	80,174	747,715	710,657
Durban	275,383	274,525	2,490,371	2,254.882
Johannesburg	117,037	132,625	1,071,814	1,136,169
Lourenco Marques	108,474	72,715	892,455	636.965
G.P.O.—*H.P.K.*	28,505	28,908	264,398	257.819
Other Union Ports and Stations—*Ander Hawens en Stasies in die Unie*	18,752	19,382	200,293	188,820
	£983,618	£993,416	£8,912.467	£8,563,879
Walvis Bay and Luderitz—*Walvisbaai en Luderitz*	8,150	5,455	62,175	58,235
TOTAL—TOTAAL	£991,768	£998,871	£8,974.642	£8 622,114

† Subject to deductions for refunds and adjustments to Customs Union territories.
Onderworpe aan aftrekkings vir vereffenings aan gebiede van die Doeane-Unie.

UNION OF SOUTH AFRICA.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

UNION IMPORTS.—UNIE-INVOER.	Month of October. *Maand Oktober.*		Ten Months ended October. *Tien Maande geëindig Oktober.*	
	1935.	1934.	1935.	1934.
	£	£	£	£
Capetown—*Kaapstad*	1,201,858	1,387,641	10,726,560	10,403.372
Port Elizabeth	1,091,696	1,166,653	11,020,609	10,691,370
East London—*Oos-Londen*	357,318	368,013	3,802,524	3,209,364
Durban	1,931,681	1,873,036	18,217,257	14,890,440
Johannesburg	620,082	567,196	5,275,411	4,847,717
Lourenco Marques	698,534	574,328	6,004,298	5,117,603
G.P.O.—*H.P.K.*	189,015	156,076	1,516,613	1,414,468
Other Union Ports and Stations—*Ander Hawens en Stasies in die Unie*	102,913	108,696	1,017,552	1,128,432
*Total Overseas—Totaal Oorsee	6,193,097	6,201,639	57,580,824	51.702,766
From N. Rhodesia—*Van Noord-Rhodesië*	24.020	8.746	135 232	89.051
From S.W. Africa—*Van Suidwes-Afrika*	156,457	87,086	626,970	490,566
Total Merchandise—Totale Koopware	6,373,574	6,297,471	58,343,026	52,282,383
Government Stores—*Goewermentsvoorrade*	324 137	269,204	2,870,799	1,599,218
Specie—*Munt*	745	2,380	31,334	42,342
Grand Total Imports—Groot-totaal Invoer	£6,698,456	£6,569,055	£61,245,159	£53,923,943

* Includes imports from Southern Rhodesia.—*Sluit invoer uit S. Rhodesië in.*

UNION EXPORTS—UNIE-UITVOER.

Overseas—*Oorsee.*

South African Produce—*Suid-Afrikaanse Produkte :—*				
*Gold—*Goud.*	£	£	£	£
†Bullion—*Stawe*	4,368,506	919,544	34,617,064	28,879,060
Specie—*Gemunte*	—	500	32,824	50,745
Diamonds—*Diamante*	346,381	372,093	2,475,083	2,475,432
Wool—*Wol*	740,402	318,439	6,187,574	6,468,109
Maize—*Mielies*	203,638	322,386	1,404,399	735,470
Hides and Skins—*Huide en Velle*	148,901	116,651	1,085,098	1,186,258
Wattle Bark and Extract—*Wattlebas en Ekstrak*	71,047	42,485	647,719	466,739
Eggs, fresh—*Eiers, vars*	72,951	58,466	112,356	97,722
Fruit, all kinds—*Vrugte, alle soorte*	175,587	191,344	2,499,420	2,560,457
Sugar—*Suiker*	264,380	233,913	1,194,564	605,378
Copper, Bar and Blister—*Koper, Stawe en Blister*	35,780	23,500	276,884	257,817
Coal—*Steenkool*	53,150	46,266	475,279	343,655
Other Merchandise—*Ander Handelsware*	484,592	407,269	3,988,859	2,861,562
Imported goods re-exported—*Ingevoerde goedere weer uitgevoer*	116,972	110,554	1,256,135	1,026,841
Bunker Coal and Ships' Stores—*Bunkersteenkool en Skeepsvoorraad*	102,744	84,511	932,907	796,174
‡ Total Merchandise Oversea—Totale Handelsware Oorsee	7,185,031	3,247,921	57,186,165	48,811,419
To Northern Rhodesia—*Na Noord-Rhodesië*	40.908	77,225	479,586	608,829
To South West Africa—*Na Suidwes-Afrika*	91,188	85,347	831,210	759,953
Specie : To Customs Union Territories—*Munt : Na Tolunie Gebiede*	—	601	8,413	6,232
Grand Total Exports—Groot-totaal Uitvoer	£7,317,127	£3,411,094	£58,505,374	£50,186 433

*Excluding Premium—*Uitsluitende Premie.*

† The value of gold bullion above has been calculated at the standard rate of £4·24773 per fine ounce. Calculated at the price ruling at the date of export, the increase in value would be as follows :—

Die waarde van staafgoud, soos hierbo aangegee is, is bereken teen die standaardkoers van £4·24773 per ons fyn goud. Bereken teen die heersende prys ten tyde van uitvoer, is die vermeerdering in waarde as volg :—

	Increase—*Vermeerdering.*	
	1935.	1934.
September—*September*	£2,909,209	£595,809
Nine months—*Nege maande*	23,245,225	17,177,455

‡ Includes exports to S. Rhodesia.—*Sluit uitvoer na S. Rhodesië in.*

SOUTH WEST AFRICA—SUIDWES-AFRIKA.

SOUTH WEST AFRICA IMPORTS—SUIDWES-AFRIKA INVOER.

	£	£	£	£
Walvis Bay—*Walvisbaai*	31,586	16,856	223,812	183,326
Luderitz	6,756	1,822	76,971	34,167
Total Overseas—Totaal Oorsee	£38,342	£18,678	£300,783	£217,493
From Union of South Africa—*Van die Unie van Suid-Afrika*	91,188	85,347	839,623	765,584
Grand Total—Groot-totaal	£129,530	£104,025	£1,140,406	£983,077

SOUTH WEST AFRICA EXPORTS—SUIDWES-AFRIKA UITVOER.

Overseas—*Oorsee.*

	£	£	£	£
Diamonds—*Diamante*	82,014	3,530	436,545	17,243
Other Merchandise—*Ander Koopware*	102,084	30,776	887,572	508,480
Total Overseas—Totaal Oorsee	£184,098	£34,306	£1,324,117	£525,723
To Union of South Africa—*Na die Unie van Suid-Afrika*	156,482	87,146	635,928	491,863
Grand Total—Groot-totaal	£340,580	£121,452	£1,960,045	£1,017,586

✱ No. 1698.] [22 November 1935.

STATEMENT SHOWING THE QUANTITIES AND VALUES OF GOLD BULLION AND GOLD SPECIE EXPORTED FROM THE UNION OF SOUTH AFRICA TO COUNTRIES OVERSEA DURING THE WEEK ENDED 16TH NOVEMBER, 1935.

Country of Destination.	Gold Bullion.*		Specie (Face value).
	Fine oz.	£	£
United Kingdom.....	254,911	1,082,793	—

* (1) Calculated at the standard rate of £4·24773 per fine oz.

(2) Includes Rhodesia gold in transit oversea via the Union of South Africa.

✱ No. 1698.] [22 November 1935.

OPGAWE AANTONENDE DIE HOEVEELHEID EN WAARDE VAN STAAFGOUD EN GOUDMUNT UITGEVOER UIT DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA NA OORSEESE LANDE GEDURENDE DIE WEEK GEEINDIG 16 NOVEMBER 1935.

Lande van Bestemming.	Staafgoud.*		Goudmunt (Nominale Waarde).
	Fyn onse.	£	£
Verenigde Koninkryk....	254,911	1,082,793	—

* (1) Waarde bereken teen die standaardkoers van £4·24773 per ons fyn goud.

(2) Sluit in Rhodesië-goud in deurvoer deur die Unie van Suid-Afrika na oorseese lande.

✱ No. 1703]. SOUTH AFRICAN RESERVE BANK. [22 November 1935.

Statement, pursuant to Section *twenty-five* (1) of Act No. 31 of 1920, and Section *thirteen* of Act No. 22 of 1923, of Liabilities and Assets on the 15th day of November, 1935.

Liabilities.	£ s. d.
Capital	1,000,000 0 0
Reserve	1,000,000 0 0
Notes in Circulation	12,574,646 10 0
Deposits :—	
(*a*) Government	2,292,973 1 10
(*b*) Bankers	28,829,306 15 9
(*c*) Other	3,614,174 11 11
Bills Payable	—
Other Liabilities	727,324 10 8
	£50,038,425 10 2

Assets.	£ s. d.
Gold Coin and Bullion (of which £3,599,989. 2s. 0d. held outside the Union)	25,739,769 11 5
Subsidiary Coin	65,107 18 10
Bills Discounted :—	
(*a*) Domestic	40,798 3 4
(*b*) Foreign	8,711,712 12 0
(*c*) Union Government Treasury Bills	—
Loans and Advances to the Government	—
Other Loans and Advances	—
Investments	1,725,681 8 1
Other Assets	13,755,355 16 6
	£50,038,425 10 2

Ratio of cash reserves to liabilities to public, 54·7 per cent.

Dated this 20th day of November, 1935.

E. W. CATTELL, Chief Cashier.

✱ No. 1703]. SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. [22 November 1935.

Staat, ingevolge Artikel *vyf-en-twintig* (1) van Wet No. 31 van 1920 en Artikel *dertien* van Wet No. 22 van 1923, van die Bate en Laste op die 15de dag van November 1935.

Laste (Passiva).	£ s. d.
Kapitaal	1,000,000 0 0
Reserwe	1,000,000 0 0
Banknote in omloop	12,574,646 10 0
Deposito's van :—	
(*a*) Regering	2,292,973 1 10
(*b*) Bankiers	28,829,306 15 9
(*c*) Ander	3,614,174 11 11
Te Betale Wissels	—
Ander Verpligtings	727,324 10 8
	£50,038,425 10 2

Bate (Activa).	£ s. d.
Gemunte en Ongemunte Goud (waarvaan £3,599,989. 2s. 0d. buite die Unie gehou)	25,739,769 11 5
Pasmunt	65,107 18 10
Verdiskonteerde Wissels :—	
(*a*) Binnelandse	40,798 3 4
(*b*) Buitelandse	8,711,712 12 0
(*c*) Skatkispromesses van die Unie-regering	—
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—
Ander Lenings en Voorskotte	—
Beleggings	1,725,681 8 1
Ander Bate	13,755,355 16 6
	£50,038,425 10 2

Verhouding van spesie-reserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 54·7 persent.

Geteken die 20ste dag van November 1935.

E. W. CATTELL, Hoofkassier.

DEPARTMENT OF MINES.

The following Government Notices are published for general information :—

✱ No. 1667.] [22 November 1935.

It is notified for general information that the Mining Commissioner's Office at Pilgrims Rest is being moved to Sabie, with effect from the 1st January, 1936, and that all claim, stand and other mining licences for rights situated in the Pilgrims Rest Mining District are payable at Sabie, with effect from the above-mentioned date. M.M.O. 54/16.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer :—

✱ No. 1667.] [22 November 1935.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat die Mynkommissariskantoor te Pelgrimsrust na Sabie met ingang van 1 Januarie 1936, verplaas word, en dat alle kleim-, standplaas- en ander mynlisensies vir regte in die Pelgrimsrust-myndistrik geleë, op die Sabie-kantoor, met ingang van bogenoemde datum, betaal moet word.

✱ No. 1696.] [22 November 1935.

PORTION OF THE FARM RIETVLEI No. 113, DISTRICT KRUGERSDORP, TO BE PROCLAIMED.

It is hereby notified that, under the powers vested in him by section *nineteen* of the Transvaal Mining Leases and Mineral Law Amendment Act, 1918 (Act No. 30 of 1918), it is the intention of His Excellency the Officer Administering the Government of the Union of South Africa, to proclaim as a public digging for precious metals, in terms of Chapter IV of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), portion of Portion 1 of Portion "J" and portion of Portion "G" of the farm Rietvlei No. 113, District Krugersdorp, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, together in extent approximately 90 morgen and registered in the name of M. L. Pessen and others, in accordance with the plan filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 534.

M.M. 35/82.

✱ No. 1709.] [22 November 1935.

APPOINTMENT OF MEDICAL PRACTITIONER.

It is hereby notified that the Minister of Mines has, under sub-section (1) of section *twelve* of the Miners' Phthisis Acts Consolidation Act, 1925 (Act No. 35 of 1925), in consultation with the Miners' Phthisis Medical Bureau, amended the list of medical practitioners framed in terms of the said section and published under Government Notice No. 2241, in the Union *Government Gazette* of the 18th December, 1925, to carry out certain prescribed medical examinations and to give medical certificates under the said Act, by the addition of the following name:—

Dr. Frank Archibald Nicolai, M.R.C.S., L.R.C.P., L.D.S., as full-time Assistant Medical Officer for East Geduld, Geduld Proprietary, Modder Deep Levels and Van Dyk Consolidated Mines during the absence of Dr. K. H. Sartorius on sick leave from the 11th November, 1935. M.M. 60/1.Pt.II.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1674.] [22 November 1935.

PROCLAMATION OF A CERTAIN INDUSTRIAL AREA IN THE DISTRICT OF LICHTENBURG, TRANSVAAL, UNDER SECTION *TWELVE* OF ACT No. 21 OF 1923, AS AMENDED BY ACT No. 25 OF 1930.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the provisions of sub-section (1) of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Act, 1923 (No. 21 of 1923), as amended by Act No. 25 of 1930, to make the following regulations to be of force and effect from the 1st day of January, 1936, in the proclaimed area defined in Proclamation No. 247 of 1935.

REGULATIONS FRAMED UNDER SECTION *TWENTY-THREE* (1) OF THE NATIVES (URBAN AREAS) ACT, 1923 (No. 21 OF 1923), AS AMENDED BY ACT No. 25 OF 1930, FOR THE PROCLAIMED AREA DEFINED IN PROCLAMATION No. 247 OF 1935.

CHAPTER I.

REGULATIONS FOR THE CONTROL AND PROTECTION OF NATIVES IN THE PROCLAIMED AREA.

1. (*a*) Every male native entering the proclaimed area for the purpose of seeking work shall report within forty-eight hours to the Registering Officer, and on satisfying the Registering Officer as to his identity, shall be provided with a document substantially in the form set out in Annexure "A" certifying that he has reported and that he has permission to remain in the proclaimed area for a period not exceeding six days for the purpose of seeking work.

(*b*) Every such native who has been provided with a document under this section shall, if he has not found employment within the period during which he has permission to remain in the proclaimed area, report within twenty-four hours of the expiration of such permission to the Registering Officer, who may at his discretion renew the document for a period not exceeding six days, or may require such native to depart from the proclaimed area within a specified time, being not less than twenty-four hours, and not to return thereto within a specified period.

2. (*a*) Every male native entering the proclaimed area for any purpose other than that of seeking work shall report himself within forty-eight hours to the Registering Officer, and, upon satisfying the Registering Officer as to his identity

✱ No. 1696.] [22 November 1935.

VOORGENOME PROKLAMASIE VAN 'N GEDEELTE VAN DIE PLAAS RIETVLEI No. 113, DISTRIK KRUGERSDORP.

Hierby word bekendgemaak dat, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *negentien* van die Transvaal Mynverhuring en Minerale Wet Wysigingswet, 1918 (Wet No. 30 van 1918 van Transvaal), Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag van die Unie van Suid-Afrika, voornemens is om gedeelte van gedeelte 1 van gedeelte „J" en gedeelte van gedeelte „G" van die plaas Rietvlei No. 113, distrik Krugersdorp, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, tesame groot ongeveer 90 morge en geregistreer op naam van M. L. Pessen en andere, soos aangetoon op 'n kaart wat in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 534, berus, as 'n publieke delwery vir edele metale ingevolge Hoofstuk IV van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), te proklameer.

✱ No. 1709.] [22 November 1935.

AANSTELLING VAN MEDIESE PRAKTISYN.

Hierby word bekendgemaak dat, kragtens subartikel (1) van artikel *twaalf* van die „Mynteringwetten Konsolidatie Wet", 1925 (Wet No. 35 van 1925), die Minister van Mynwese, in oorleg met die Geneeskundige Buro vir Myntering, die lys van mediese praktisyns kragtens gemelde artikel opgestel en Goewermentskennisgewing No. 2241 in die *Staatskoerant* van 18 Desember 1925 gepubliseer om sekere mediese ondersoeke te doen en mediese sertifikate ingevolge gemelde Wet uit te reik, gewysig het deur die byvoeging van die volgende naam:—

Dr. Frank Archibald Nicolai, M.R.C.S., L.R.C.P., L.D.S., as voltydse assistent-geneesheer vir „East Geduld, Geduld Proprietary, Modder Deep Levels" en „Van Dyk Consolidated" myne gedurende die afwesigheid van dr. K. H. Sartorius op siekteverlof vanaf 11 November 1935.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1674.] [22 November 1935.

PROKLAMASIE VAN 'N SEKERE INDUSTRIELE GEBIED IN DIE DISTRIK LICHTENBURG, TRANSVAAL, INGEVOLGE ARTIKEL *TWAALF* VAN WET No. 21 VAN 1923, SOOS GEWYSIG BY WET No. 25 VAN 1930.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om, kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die „Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923" (No. 21 van 1923), soos gewysig by Wet No. 25 van 1930, onderstaande regulasies vanaf 1 Januarie 1936 in die geproklameerde gebied, soos in Proklamasie No. 247 van 1935 omskryf, in werking te stel.

REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS ARTIKEL *DRIE-EN-TWINTIG* (1) VAN DIE „NATURELLEN (STADSGEBIEDEN) WET, 1923" (No. 21 VAN 1923), SOOS GEWYSIG BY WET No. 25 VAN 1930, VIR DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED OMSKRYF IN PROKLAMASIE No. 247 VAN 1935.

HOOFSTUK I.

REGULASIES VIR DIE BEHEER EN BESKERMING VAN NATURELLE IN DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED.

1 (*a*) Elke manlike naturel wat die geproklameerde gebied binnekom met die doel om werk te soek moet hom binne ag-en-veertig uur by die registrerende amptenaar aanmeld, en sodra hy die registrerende amptenaar oortuig het aangaande sy identiteit, moet hy voorsien word van 'n dokument hoofsaaklik in die vorm soos in Aanhangsel „A" uiteengesit, waarby gesertifiseer word dat hy hom aangemeld het en dat hy toestemming het om vir 'n tydperk van hoogstens ses dae in die geproklameerde gebied te bly vir die doel om werk te soek.

(*b*) Elke naturel wat aldus voorsien is van 'n dokument kragtens hierdie artikel moet, as hy nie binne die tydperk wat hom toegestaan is om in die geproklameerde gebied te bly, werk gekry het nie, hom binne *vier-en-twintig* uur na verloop van sodanige vergunning by die registrerende amptenaar aanmeld, wat, na goeddunke, die dokument vir 'n tydperk van hoogstens ses dae kan verleng, of van sodanige naturel kan verlang om die geproklameerde gebied binne 'n bepaalde tyd, van minstens vier-en-twintig uur, te verlaat, en om nie binne 'n bepaalde tydperk daarheen terug te keer nie.

2. (*a*) Elke manlike naturel wat die geproklameerde gebied binnekom vir 'n ander doel dan om werk te soek moet hom binne ag-en-veertig uur by die registrerende amptenaar aanmeld, en, sodra hy die registrerende amptenaar oortuig het

and the purpose of his entry, may be granted written permission substantially in the form set out in Annexure "B" to remain in the proclaimed area for a period not exceeding one month; provided that the Registering Officer may withdraw any such permission before it has expired for any reason that appears to him sufficient.

(*b*) Every native who has been granted permission under this section to remain in the proclaimed area shall, within twenty-four hours of the expiration or withdrawal of such permission, report to the Registering Officer and may be granted permission to remain within the proclaimed area for a further period or may be required to depart therefrom within a specified time, being not less than twenty-four hours.

3. Every native who has been provided with a document under sections 1 and 2 hereof shall produce the same on demand to any authorized officer.

4. No native who has been provided with a document in terms either of section *one* or section *two* of these regulations shall reside elsewhere than in a location as pointed out in terms of section *nine* of the regulations published under Government Notice No. 549 of 31st March, 1924.

5. (*a*) Whenever in the proclaimed area any person engages any male native or introduces any male native into the proclaimed area with the intention of employing such native, he shall within three days of engaging or introducing such native take or send such native to the Registering Officer and shall furnish the Registering Officer with full and correct information necessary for the registration of a service contract.

(*b*) The Registering Officer on being satisfied that the terms and conditions of employment are fully understood and accepted by the native and that the contract is a bona fide contract of service shall then record and register a service contract substantially in the form prescribed in Annexure "C", unless as a result of medical examination the Registering Officer is prohibited in terms of section 15 from registering a service contract in respect of that native.

(*c*) The Registering Officer shall refuse to register a contract if he is satisfied that it is not bona fide, or that either one or both of the parties to such contract has been refused a "certificate of character" by a diggers' committee.

(*d*) The service contract shall be made out in triplicate. The original shall be retained by the employer, the duplicate shall be held by the native, and the triplicate shall be filed by the Registering Officer for purpose of record.

(*e*) The original service contract shall be retained by the employer during the continuance of the native's employment by him, shall be produced by him on demand to any authorized officer, and shall on termination of the native's employment by him be handed to the native with the true date of discharge and the signature of the employer filled in in the spaces set apart for that purpose.

(*f*) The duplicate service contract shall be retained by the native during the continuance of his employment and shall be endorsed by the employer as current within seven days of the commencement of every calendar month during which his contract of service with the native is continued. The duplicate service contract shall be produced by the native on demand to any authorized officer as evidence of the existence of the contract. On termination of a contract of service, the native shall, subject to the terms of the proviso to section 7 of these regulations, return the duplicate service contract to the Registering Officer and produce the original service contract for endorsement.

(*g*) In the case of death, desertion, or other cessation of the employment of the native otherwise than by discharge on the termination of a contract of service, the employer shall, within three days thereafter, return the service contract to the Registering Officer with an endorsement thereon of the date of such death, desertion or cessation of employment.

6. (*a*) There shall be payable by the employer in respect of every contract of service registered under these regulations a fee of threepence for every calendar month or portion thereof during the continuance of the employment of the native under such contract. The fee shall be paid on the registration of the contract and thereafter within seven days of the commencement of every calendar month.

(*b*) Payment of the monthly fee shall be acknowledged by the issue by the Registering Officer of a voucher substantially in the form set out in Annexure "D", which shall be affixed by the employer to the original service contract of the native in respect of whose employment the fee is paid and cancelled by the endorsement across it of his usual signature and of the date when such voucher is affixed. Vouchers representing monthly fees may be purchased in advance to the number of six in respect of each native employed, and an employer so purchasing shall affix a voucher to the service contract and cancel it as hereinbefore provided.

(*c*) For a copy of a service contract which has been lost or destroyed there shall be payable a fee of one shilling.

(*d*) The Registering Officer may in his discretion remit the monthly fee payable in respect of the contracts of service of natives employed in farm labour by persons whose sole occupation is farming or who depend on farming for their main livelihood, provided that such persons shall, in order to

aangaande sy identiteit en die doel van sy binnekoms, word hy voorsien van 'n skriftelike toestemming, hoofsaaklik in die vorm soos in Aanhangsel „B" uiteengesit, om vir 'n tydperk van hoogstens een maand in die geproklameerde gebied te bly, met dien verstande dat die registrerende amptenaar om enige rede wat hy as voldoende beskou, sodanige toestemming, voordat dit verstryk het, mag terugtrek.

(*b*) Elke naturel aan wie toestemming kragtens hierdie artikel verleen is om in die geproklameerde gebied te bly, moet hom, binne vier-en-twintig uur na verloop of terugtrekking van sodanige toestemming, by die registrerende amptenaar aanmeld en kan toegelaat word om vir 'n verdere tydperk in die geproklameerde gebied te bly of van hom kan verlang word om binne 'n bepaalde tyd, van minstens vier-en-twintig uur, die gebied te verlaat.

3. Elke naturel wat voorsien is van 'n dokument kragtens artikels *een* en *twee* hiervan moet dit op versoek aan 'n gemagtigde amptenaar vertoon.

4. Geen naturel wat voorsien is van 'n dokument kragtens artikel *een* of artikel *twee* van hierdie regulasies mag elders dan in 'n lokasie woon soos uiteengesit ooreenkomstig artikel *nege* van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 549 van 31 Maart 1924.

5. (*a*) Wanneer iemand in die geproklameerde gebied 'n manlike naturel in diens neem of 'n manlike naturel in die geproklameerde gebied bring met die doel om hom in diens te neem, moet hy hom binne drie dae, nadat hy hom in diens geneem of ingebring het, na die registrerende amptenaar neem of stuur, en die registrerende amptenaar voorsien van volle en juiste informasie wat vereis word vir die registrasie van 'n dienskontrak.

(*b*) Sodra die registrerende amptenaar oortuig is dat die terme en voorwaardes van indiensneming geheel en al deur die naturel verstaan en aangeneem word en dat die ooreenkoms 'n bona fide dienskontrak is, moet hy 'n dienskontrak hoofsaaklik in die vorm soos in Aanhangsel „C" voorgeskryf, aanteken en registreer, tensy, as gevolg van mediese ondersoek, die registrerende amptenaar, kragtens artikel 15, geen dienskontrak ten aansien van daardie naturel mag registreer nie.

(*c*) Die registrerende amptenaar moet weier om 'n kontrak te registreer as hy daarvan oortuig is dat dit nie bona fide is nie, of dat aan een of albei die partye tot sodanige kontrak 'n „Sertifikaat van Karakter" deur 'n delwerskomitee geweier is.

(*d*) Die dienskontrak moet in triplo uitgemaak word. Die oorspronklike moet deur die werkgewer gehou word, die naturel moet die duplikaat hou, en die registrerende amptenaar moet die triplikaat in sy kantoor bewaar.

